Uitdunning van die boekversameling

ELNA CLOETE
Streekbibliotekaris, Georgestreek

Boeke is die hart en siel van elke openbare biblioteek. Die hulpbron waarsonder die bibliotekaris nie kan werk nie. Die trekpleister vir lesers wat ontspanning, inligting en vooruitgang soek.

Dus is die instandhouding van die boekversameling 'n baie belangrike taak van enige bibliotekaris. Enersyds moet dit gereeld uitgebrei word deur die toevoeging van nuwe en ander titels. So word die leser se belangstelling behou. Aan die ander kant, moet die boekversameling ook voortdurend 'reggedokter' word deur uitdunning en onttrekking van boeke. Sien jouself as 'n kosmetiese chirurg wat plooie uitstryk, oortollige vet verwyder, skoon- en regmaak. Dit is effens seer, maar lewer goeie resultate: verjongend en opkikkerend!

Hou in gedagte

- Die teikengroep van openbare biblioteke is gewone mense. Daarom speel die voorkoms van 'n boek en populêre aanbieding 'n belangrike rol. Uitgewers soos Dorling Kindersley, Struik, Usborne en World Book publiseer ideale boeke vir openbare biblioteke. Behou dit so ver moontlik.
- Die uitruilbaarheid van boeke dra daartoe by dat dit maksimaal gebruik word. 'n Bewys hiervan is die hoë sirkulasie van die 'reisende' bloklenings tussen biblioteke.
- Om sinvolle uitdunning te doen, is kennis van die boekvoorraad en publiek se leesvoorkeure nodig.
- Goeie wisseling van die boekvoorraad stimuleer gebruik.
- Biblioteke se uitdunningsbehoeftes kan heelwat verskil:
  - ~ By nuwe biblioteke, sal weinig uitdunning gedurende die eerste vyf jaar nodig wees
  - ~ Waar biblioteke wisseling van boeke byhou, sal gelykop toevoeging en onttrekking voldoende wees (byvoorbeeld, 10% van die voorraad jaarliks)
  - ~ Biblioteke met oorvol rakke en 'n agterstand in uitdunning, sal meer boeke moet onttrek as wat nuwes ontvang word.
- Bibliotekarisse gee soms boeke terug bloot omdat hul nie daarvan hou nie. Wees bewus van natuurlike vooroordele en streef na 'n gebalanseerde en verteenwoordigende boekversameling.
- 'n Openbare biblioteek is nie 'n boekstoor of argief nie.
- Boeke in inheemse tale, soos Afrikaans en Xhosa, gaan maklik uit druk en sommige is skaars. Behou bruikbare boeke so lank moontlik.
- Behou boeke van plaaslike belang, byvoorbeeld, geskiedenis van die dorp, historiese figure en skrywers. Wees ook baie selektief met boeke oor Suid-Afrika en Afrika.

Wat is uitdunning?

Die bibliotekaris gaan stelselmatig deur 'n boekgroep en selekteer titels wat te veel, verouderd en verslete is. Dit word gereeld onttrek uit die voorraad en teruggegee aan die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens (WKPB). 'n Biblioteek se hele boekversameling behoort jaarliks deurgegaan te word. Takel probleemareas eerste, byvoorbeeld, oorvol rakke en onderwerpe waarvan die inligting gou verouder.



Voordele van uitdunning

Dit is belangrik dat uitdunning deurlopend gedoen word om plek te maak vir nuwe boeke. Daar is ook verskeie ander voordele:

- hou boekvoorraad vars, relevant en aantreklik
- goeie boeke is nou beter sigbaar

- meer rakspasie is beskikbaar om boeke makliker te vind en te liasseer
- bly in pas met veranderde tye
- die boekvoorraad is meer gebruikersvriendelik, sodat lesers geskikte boeke met minder frustrasie kan vind
- deur hantering van die boeke, word die bibliotekaris se boekkennis verbreed en leemtes kan geïdentifiseer word. Die datumvel en toestand van die boek verskaf nuttige inligting oor leesvoorkeure van die gemeenskap.

Hoe om boeke te kies

Boeke vir onttrekking kan op twee maniere gekeur word:

- personeel behoort by die toonbank boeke wat inkom vlugtig deur te kyk. Wanneer 'n boek buitengewoon beskadig is, kan die lener dan gekonfronteer word. Hou verslete en stukkende boeke eenkant in die werkkamer vir moontlike onttrekking. Nuttige boeke moet sover moontlik herstel word. Dit sal waardevolle tyd bespaar as 'n nota van die probleem gemaak word, byvoorbeeld, watter bladsy weg is
- die bibliotekaris behoort stelselmatig deur die rakke te werk om boeke uit te dun.

Riglyne vir uitdunning

Hanteer die boeke en beoordeel dit volgens spesifieke riglyne. Dit sal effens verskil by fiksie en nie-fiksie (NF). Hoe meer negatiewe faktore gelyktydig voorkom, hoe sterker die motivering vir onttrekking.

Nie-fiksie

Identifiseer eers vir watter doel die boek hoofsaaklik gebruik sal word, inligting; studie of praktiese selfhelp. Oordeel nou die boeke volgens die belangrikste aspek:

Relevantheid

By bronne wat vir inligting en studie gebruik word, is die mees onlangse en korrekte inligting baie belangrik. Lees die flapteks en kyk na die datum van uitgawe. Dit kan mylpale aandui soos die einde van die Koue Oorlog, ou/nuwe Suid-Afrika, ensovoorts. Wees krities as terme soos *nuwe* of *modern* en *jaartalle* in die titel voorkom. Veral die naslaanwerke moet gereeld nagegaan word. As die inligting verouderd is, moet die boek onttrek word.

Inligting oor sekere onderwerpe soos natuurwetenskap, tegnologie, politiek, modeneigings en reisgidse verouder vinnig. Wees krities en kyk meer dikwels hierna. Geskiedenis het die langste raklewe.

Aanbieding en voorkoms

Handwerk, doen-dit-self, kookkuns en ander praktiese NF (veral kwarto boeke), is gewoonlik die mees gebruikte afdelings. Hier sal 'n populêre styl, moderne voorkoms en illustrasies 'n besondere rol speel. Is die aanbieding aantreklik en gebruikersvriendelik? Is tegnieke, foto's en modeneigings kontemporêr? Sal die boek 'n leser lok? As die boek oudmodies is, moet dit onttrek word.

Dekking van die onderwerp, sirkulasie en toestand van die boek is algemeen belangrik.

Dekking

Kyk by dieselfde klasnommer hoeveel boeke daar oor die onderwerp is. Die nuutste en beste is gewoonlik in sirkulasie. Indien daar verskeie titels op die rak is, gee die verouderdes en onaansienlikes terug. Gerekenariseerde biblioteke kan 'n drukstuk maak deur term of klasnommer soektogte.

Sirkulasie

Hoe lyk die uitreikings op die datumvel? Wat is die leesvoorkeure in jou biblioteek? Gee raksitters terug wat nie basiese voorraad is nie.

Fisiese toestand

Hoe lyk die stofomslag? Sal dit nog 'n leser lok? Hoe is die druk? Klein en moeilik leesbare druk sal sirkulasie benadeel. Is die boek se binding nog sterk of stukkend? Is die boekblok en papier skeefgedruk, vergeel en vuil? Is daar los of ontbrekende blaaie?

Kan die boek herstel word? Slapbande se raklewe is baie korter as dié van hardebande. Dis gewoonlik nie die moeite werd om dit te herstel of te herbind nie.

Fiksie en leesbare NF

Fiksie word veral gelees vir ontspanning. Leesbare nie-fiksie, soos lewensverhale en reisbeskrywings, is op die grens tussen fiksie en NF. Lesers hou van 'n goeie storie en gewilde skrywers wat al naam gemaak het. 'n Aantreklike, moderne stofomslag verkoop die boek.

Skrywer

Lesers het sterk voorkeure vir sekere skrywers. Is die skrywer nog gewild? Hoeveel titels is daar van 'n skrywer? Kleiner biblioteke hoef nie noodwendig alle titels van produktiewe skrywers soos Dick Francis, Louis L'Amour, Ena Murray en Wilbur Smith te hê nie. Wissel dit liewer. Is dit nodig om duplikate te hê?

Gerekenariseerde biblioteke kan CPALS gebruik om dekking vas te stel. Gee ouer titels terug. Groot biblioteke behoort egter klassieke werke te behou - ongeag sirkulasie.

Tema

Neigings om oor sekere onderwerpe te skryf verander mettertyd. Die Wêreldoorloë, Koue Oorlog en Kommunisme was voorheen gewilde temas, maar nou is fantasie, rillers, hofdramas, wetenskap en Christelike fiksie meer gewild. Lees die flapteks om te besluit of die onderwerp nog gewild is.

Kyk ook na die sirkulasie en fisiese toestand van die boek.

Weerstand teen uitdunning

As uitdunning dan soveel voordele inhou, hoekom is bibliotekarisse so onwillig om dit te doen? Opgaarders en bibliofiele het dikwels sekere bedenkings. Hier is 'n paar nuttige wenke om die vrese te besweer.

Die boeke wat ek vandag teruggee, gaan ek môre weer nodig hê.

~ Beveel 'n meer onlangse boek of naslaanbron aan

~ Titels wat nie té verouderd is nie, behoort nog iewers in ons stelsel te wees en kan weer aangevra word.

As ek boeke onttrek gaan ek nie genoeg oor hê nie.

~ Hoeveel is *genoeg*? Onderskei tussen opgaar en versamel

~ Fokus liewer op kwaliteit as kwantiteit.

Dit neem te veel tyd.

~ Gereelde uitdunning spaar tyd omdat liassering, instandhouding en soektogte meer effektief is

~ Vra hulp van jou streekbibliotekaris.

Ek wil nie waardevolle boeke uitgooi nie!

~ Die streekbibliotekaris kan waardevolle boeke identifiseer en bewaar

~ Bruikbare boeke kan weer na ander biblioteke gaan.

Wat word van afgeskrewe boeke by die WKPB?

~ Dit kan geskenk word aan skole, welsynsorganisasies en gevangenisse. Wat oorbly word verkoop vir hersirkulering. Die inkomste gaan na die staatskas.

Uitdunning beteken dat foute gemaak is met keuring en voorraadbou.

~ Ja en nee. Voorkeure verander met tyd

~ Boeke kan dalk by ander biblioteke gebruik word.

Kitsgids vir uitdunning

Riglyne

Gebruik die riglyne in die tabel langsaan om boeke te selekteer vir uitdunning en onttrekking.

Riglyne om na te kyk	
Fisiese toestand en stofomslag	Voorkoms?
Datumvel	Sirkulasie?
Datum van uitgawe	Dui op relevantheid en ouderdom
Flapteks en titelblad	Opsomming van inhoud
CPALS	Kontroleer dekking van onderwerp en skrywer, asook sirkulasie
Wisseling van boeke	Duplikaatboek. Hoeveel boeke is die afgelope twee jaar ontvang en teruggegee?
Personeel en gebruikers	Vra die mening van mense wat 'n besondere kennis van, of belangstelling in die onderwerp het.

Vraelys		
Het jou biblioteek die afgelope paar jaar meer boeke van hierdie boekgroep ontvang as teruggegee?	Ja	Nee
Is die rakke van hierdie boekgroep gemiddeld meer as driekwart vol?	Ja	Nee
Sukkel personeel om hierdie boekgroep te liasseer weens te min spasie?	Ja	Nee
My biblioteek herstel min / geen boeke?	Ja	Nee
Is daar ooglopend heelwat gehawende boeke?	Ja	Nee
Is verouderde en onaantreklike boeke opvallend?	Ja	Nee

Gevolgtrekking: meer as twee ja's is 'n aanduiding dat 'n goeie uitdunning nodig is

Ten slotte

Uitdunning van boeke hoef nie 'n lang, pynlike proses te wees nie. Met 'n bietjie oefening en kennis van die boekvoorraad, ontwikkel 'n bibliotekaris sommer gou 'n aanvoeling hiervoor. Met die tweede uitdunningsrondte deur dieselfde boekgroep, is dit al veel makliker. Soos met motorbestuur, kombineer 'n mens outomaties sekere oorwegings en word dit deel van jou. Die resultaat van uitdunning is 'n lewendige, bruikbare en aantreklike boekversameling!!

Bronne

De Prest, Christine. Collections in the Public Library. **Free State Libraries**, April-June 2002:15-22. 2002.

Strijdom, HM. Uitdunning van boekvoorraad. **Kaapse Bibliotekaris**, 2/80:17-18. 1980.